**I.M.S.**

Vol. 1, No. 12

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
30 NOV 1960
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,

Vrydag, 29 Julie 1960.

Om te sê dat ons bly is om terug te wees in ons eie land maar veral ons eie ou dorp, is om die saak lig te stel.

Vir ons was die afgelope vyf maande 'n belewenis wat nie maklik vergeet sal word nie, en tog, ten spyte van die diep indrukke wat dit op ons gemaak het of juis daarom, het dit ons verlange na ons eie land verskerp.

Natuurlik is ons as Suid-Afrikaners voortdurend met vrae lastig geval wat ons gulde geleentheid gebied het om mense in te lig. Ten spyte van die feit dat ons land die afgelope jare voorbladnuus in Europa was, bly die onkunde in Suid-Afrika nog ongelooflik.

Wat vir my, as stadsraadslid, van besondere belang was, is die dorpsbeplanning wat op 'n ontsaglike skaal oral in Europa aangaan. In sommige stede is breë nuwe strate dwarsdeur die hart van die stad geneem om die skreiende verkeersprobleme op te los. Tog is die bewaring van die geskiedkundige in gedagte gehou met die daarstelling van die nuwe. Daar word met net soveel ywer en toewyding gewerk om wat mooi is uit die verlede, te herstel en te behou as wat daar tyd en koste bestee word aan die oopmaak van die stede vir 'n meer gemaklike vloei van verkeer.

Wat ons ook besonder opgeval het, is die besondere welvarendheid van die meeste lande in Europa. Jy sien baie minder armoede as wat die geval tien jaar gelede was. Tog, ten spyte daarvan, kry 'n mens die gevoel dat daar nie meer die rustigheid van vroeër is nie. Daar is byna 'n rebelse traak-my-nie-agtigheid by die mense te bespeur.

Dit is om hierdie rede dat ek sê: „Gee my Suid-Afrika maar veral gee my ou Stellenbosch waar Sondag nog Sondag is en waar 'n mens nog tyd het om tot jouself in te keer."

## Die Burgerhuis

Ek merk op dat belangstelling in die restourasie van die Burgerhuis nog steeds bestaan. Dit is verblydend dat, soos byvoorbeeld, dr. A. M. Hugo gedoen het, die reaksies van mense wat geïnteresseerd is, tot uitdrukking gebring word.

Dit verwek weer die neiging om by te dra tot 'n goeie besef van wat die ideale oplossing is. Die groot en verblydende feit is natuurlik dat die belastingbetalers die geld gestem het wat die Stadsraad in die vermoë gestel het om die reddingswerk deeglik uit te voer sodat die gebou bewaar gebly het en die geleentheid gebied het om dit so goed moontlik te laat vertoon en nooit weer te laat agteruitgaan nie.

Die verskyning van dr. Hugo se artikel het allerlei reaksies uitgelok. Onder andere is betreur dat te vinnig besluit is omtrent die afbreek van sekere dele van die gebou wat voorheen op die terrein gestaan het. Terwyl sulke kwessies soos kleur en behandeling van materiaal nog steeds aandag kan geniet is die groot les wat ons geleer het, so voel party mense, dat meer aandag bestee moet word aan beplanning in sy geheel — so kon die nuwe magistraatsgeboue die bestaan van die Burgerhuis baie beslister erken het en dit baie meer in die ontwerp ingesluit het.

Die bewering dat die Burgerhuis in sy vervalle staat nog „majestic though in ruin" was, word nie algemeen aanvaar nie omdat dit so geweldig vermink was dat dit eerder die indruk „down at the heel" gemaak het. Dit was nie 'n geval waar 'n gebou in sy geheel aan hom oorgelaat was en geleidelik vergaan het nie.

Daar is ook gevoel dat die foto's wat die artikel van dr. Hugo vergesel het nie eintlik vergelyk kan word nie omdat dit as „prentjies" as sulks baie tot nadeel van die herstelde Burgerhuis strek, waar byvoorbeeld die hortjies nie oopgemaak is nie; ook die foto van die Burgerhuis in sy toestand voor die restourasie is destyds deur wyle mnr. Arthur Elliott gefotografeer en dit sal interessant wees om te sien hoe 'n vergelykende foto van die bestaande toestand sal wees.

Die feit dat die gebou in gebruik geneem is en nog steeds nuttig is, is die verblydendste feit van almal en gee ons die moed om te hoop dat ook vir die geboue wat nog oor is, waaraan ons

ook nog geheg is, aangepas sal kan word aan die bedrywighede van ons tyd en dat daardeur hul voortbestaan gewaarborg kan word.

Die Stadsraad sal sy verdere aandag aan die Burgerhuis nie ontsê nie.

S. W. J. LIEBENBERG,
Waarnemende Burgemeester.

---

5 Augustus 1960.

## Munisipale Belasting op Plaasgronde

Jare gelede het versiende stadsrade skenkings van etlike duisende morge grond met dankbaarheid aanvaar. Blykbaar het niemand anders destyds die waarde daarvan besef nie. Geleidelik het die besit van hierdie gronde, party waarvan tot in die bergkruine strek, die trots van die dorp geword en Stellenbosch is tereg daarvoor beny. Die grootste gedeelte lê ten suide van die Eersterivier maar ook in die omgewing van Papegaaiberg het die dorp in besit gekom van meer as 1,000 morge.

Die geloof in die toekoms van Stellenbosch het altyd by sy stadsrade bestaan en soos die jongste ontwikkeling in die rigting van Dalsig, Welgelegen en Krigeville toon, sal al die afgeleë gebiede wat aan die Munisipaliteit behoort, bes moontlik in 50 of 100 jare 'n kompakte en afgeronde stadsgebied wees.

Die gronde is 'n bate wat aan alle belastingbetalers behoort en dit is die plig van die stadsraad om dit te bewaar en slegs in die belang van die dorp as 'n geheel, te vervreem. Mense wat 'n stadsraad oortuig of probeer oortuig dat hy opgeskeep sit met gronde waarvan hy ontslae behoort te raak, beklemtoon dat wanneer dit by hulle ware oortuigings gekom het, iemand wat grond besit dit nie behoort te vervreem as hy dit kan vermy nie want grond bly grond en geld verloor waarde.

In die verlede het dit egter gebeur dat die argument geseëvier het dat sekere gronde wat deur proklamasie behoorlik in die munisipale grense ingesluit is darem baie ver van die dorp lê en dus maar sonder nadele vir die dorp verkoop kan word, byvoorbeeld, om nuwe plase te stig of bestaande plase groter te maak. Daar was egter altyd diegene wat getwyfel het aan die wysheid van so 'n sienswyse en die Provinsiale Administrasie

het geensins die stadsraad aangemoedig om grond te verkoop nie.

Die gevaar het altyd bestaan dat grond teen 'n billike prys per morg vervreem word en dat die belastingbetalers moes toesien hoe dit in waarde toeneem.

As 'n argument ten gunste daarvan dat gronde verkoop kan word, is aanvaar dat, aangesien dit binne die munisipaliteit geleë is, die belastingbetalers oor die jare 'n inkomste uit eienaarsbelasting sou kry wat in verband met agtereenvolgende skattings geleidelik sou toeneem. 'n Belasting van 2⅛d. in die £ kan vergelyk word met 'n opbrengs aan rente van ongeveer 1%.

So is 'n eerlike ooreenkoms deur albei partye met oop oë aangegaan en dit sou uiters onredelik wees om van enige belastingbetaler te verwag dat hy die voordele wat aan hom belowe is, moet prysgee. Enige transaksie moet verstaan word uit die omstandighede wat bestaan het toe dit gesluit is.

Die inwoners van die dorp wat dienste soos water, elektrisiteit en riolering kry, betaal afsonderlik en ten volle daarvoor.

S. W. J. LIEBENBERG.

Waarnemende Burgemeester.

---

12th August, 1960.

## Town Planning Matters

The pattern of the larger Stellenbosch is gradually taking shape. Definite proposals for the development of the main road system at Du Toit Station which are capable of being carried out in stages are receiving the consideration of the Council.

The first stage aims at the construction of the road-over-rail bridge just to the north of Du Toit Station, whilst not excluding suitable road connections with Adam Tas Street, Klapmuts Road, a road to the area to the west of the railway and to the areas likely to be developed in the valley of the Plankenbrug River once the group areas have been proclaimed.

Whilst the development of Karindal area, which means an extension of Mostertsdrift up the Jonkershoek valley, is proceeding fast the Council has plans under consideration for a new township in the vicinity of Union Park which will not only be attractive but also well-considered as far as it enables provision of open spaces, sites for public buildings, and possibly

also sites particularly suitable for blocks of flats should the need arise.

All this will lead to the revision of the existing town planning scheme in the light of experience that has been gained.

## Mr. George Rowan

Mr. Rowan was buried at Stellenbosch on 25th July, 1960, at a ripe old age. He will still be remembered by older residents of our town. In his younger days he was a wellknown figure in the town in social circles. He took a very active part in various forms of sport.

He joined the municipal service as a young man at a time when the staff was very small. He remained in the service of his town until the day of his retirement and adapted himself to the growing requirements with remarkable tenacity.

Stellenbosch owes him its gratitude and he will not be forgotten by those who had the privilege of being associated with him during his lifetime. He outlived so many of those with and under whom he had served.

## Collection Lists

I find it necessary once more to remind those concerned that all collection lists must be approved by the Council, and it will be appreciated if the general public could co-operate by refusing to make any contribution on a list which does not bear the official stamp of the Town Clerk.

## Housing for Government Employees

The Railway Administration has intimated that it intends to erect six dwellings for its employees. Other Government Departments might well consider following this excellent example. There is no sign of an abatement of the serious housing shortage.

## Family Year

At the request of the organisers of the Family Year, I have arranged a public meeting in the Banquet Hall at 7.30 p.m. on the 18th instant, for the purpose of electing a committee which will be responsible for such tasks as may be allotted to it. The organisers will give guidance on local planning and

action. Group discussions, film shows, family weeks and similar activities may be undertaken. Local, regional and national conferences are envisaged. Generally speaking, all persons and organisations with the welfare of the family at heart are being invited to make, within the field of their own responsibility, some positive contribution towards restoring the family to its place of honour.

I am, therefore, extending a hearty welcome to all persons to attend the meeting on the 18th.

S. W. J. LIEBENBERG,
Acting Mayor.

---

Vrydag, 19 Augustus 1960.

## Nominasie van Kandidate vir die Algemene Raadsverkiesing 1960

Die driejarige ampstyd van die huidige raad het verbasend vinnig verbygegaan, en ons staan voor 'n algemene munisipale verkiesing. Die feite in verband met die nominasies wat, kragtens die ordonnansie ingedien is, sal seker elders in hierdie uitgawe van die Eikestadnuus aandag geniet. Voorbereidings vir die verkiesing sal nou getref word.

Die lesers sal oplet dat twee van die raadslede naamlik mev. Anna Eksteen en mnr. Theron Smit, hulle nie weer verkiesbaar gestel het nie. Hierdie twee lede verdien waarlik die dank van die samelewing van Stellenbosch vir die opofferings wat hulle hul getroos het in die belange van die dorp. Ek is baie jammer dat hulle tot die gevolgtrekking gekom het dat hulle hul aan die munisipale lewe sal moet onttrek, maar ek wil die hoop uitspreek dat hulle nie die moontlikheid om op 'n latere tydstip, ten spyte van allerlei ander verpligtings, die munisipale werk te hervat, finaal van die hand sal wys nie.

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om my persoonlike dank en opregte waardering teenoor raadslede mev. Eksteen en mnr. Theron Smit uit te spreek vir alles wat hulle gedoen het en vir die toewyding aan die munisipale sake van Stellenbosch wat bo alle lof verhewe is. Veral ook die hoflikheid waarmee hulle my voorheen as burgemeester, en nou as waarnemende burgemeester, steeds bejeen het, sal ek nooit vergeet nie.

Wat die aanstaande verkiesing betref, hoop ek dat alle kiesers hul belangstelling in hulle dorp sal toon deur hulle plig as kiesers na te kom en te kom stem.

## Reisplan van die Burgemeester

Dit is alreeds gemeld dat die burgemeester, raadslid W. C. Dempsey, op Saterdag, 20 Augustus, terug verwag word. Van die burgemeestersvrou, mev. Dempsey, verneem ons dat die reisplanne van die burgemeester onveranderd gebly het. Hy sal Vrydag van Londen vertrek en hy word om 9.20 Saterdagaand op die lughawe D. F. Malan verwag. Soos verneem word, was die verblyf oorsee besonder interessant en aangenaam. Ons sien daarna uit om baie meer omtrent die reis van hom te hoor en heet hom van harte welkom.

## Mobiele Radioverbindingstelsel

Die raad het tenders ontvang vir drie mobiele eenhede wat in munisipale rytuie geïnstalleer gaan word, asook vir die hoofsentrale by die kragstasie. Dit word verwag dat die eenhede tot groot nut sal wees in verband met brandbestryding, veral in die geval van die gevreesde berg- en bosbrande. As alles volgens verwagting gaan, sal die stelsel nog hierdie jaar in werking tree en daar bestaan vooruitsigte dat dit op meer gebiede, waar tyd 'n essensiële rol speel, toegepas kan word.

## Mobiele X-Straaldiens

Daar is gereël met die Unie-Gesondheidsdepartement dat die mobiele x-straaldiens gedurende September na Stellenbosch kom. Vir dorpsbewoners sal die diens van Maandag, 19 September tot aan die einde van die maand beskikbaar wees.

'n Beroep word op die publiek gedoen om gebruik te maak van hierdie fasiliteit omdat die program vir die Westelike Provinsie so vol is dat hierdie diens Stellenbosch slegs een keer per jaar kan besoek.

Vir verdere x-straalondersoeke moet dan gebruik gemaak word van die apparaat by die plaaslike Sanatorium en die diens aldaar kan alleenlik gratis verskaf word deur voorlegging van 'n sertifikaat geteken deur 'n mediese praktisyn, andersins is daar 'n heffing van ten minste 10/- per x-straalplaat betaalbaar. 'n Verdere faktor wat ook hierin 'n rol speel is die feit dat die amptenare by die Sanatorium baie besig is met die neem van x-straalplate van dringende gevalle en nie veel tyd het tot hulle beskikking vir ander werk nie.

## Pluimveeregulasies

Die strenge toepassing van die raad se pluimveeregulasies het op die oomblik tot gevolg heelwat ongerief en ontevredenheid onder die publiek. Ek wil egter beklemtoon dat die uitvoering van hierdie verorderinge deur die raad as noodsaaklik beskou word. Alhoewel die toepassing van regulasies moontlik in sommige gevalle onnodig en onredelik lyk, wil ek dit stel dat enige uitsonderinge deur die raad baie erger verwyte sou uitlok.

Baie beleefd wil die raad dan die publiek vra om saam te werk. Die reëls laat geen afwyking toe nie.

S. W. J. LIEBENBERG,
Waarnemende Burgemeester.

PRO EC.